**Die Here Jesus was die voete van die dissipels (OP233)**

**Joh 13:1-17**

**21 September 2025**

Laasweek het ons gekyk na die feit dat die Here Jesus aangekondig het dat die uur gekom het vir die Seun van die mens om verheerlik te word. Dit het gevolg nadat 'n aantal Grieke gevra het hulle wil die Here Jesus sien. Ons het gesien dat die verheerliking van die Seun van die Mens, dit is die Here Jesus, begin met Sy sterwe. Ons het van 6 doelwitte geleer wat Sy verheerliking deur Sy sterwe tot gevolg gehad het: (1) Dit het gelei tot groot vrug, d.w.s. tot 'n groot aantal mense wat in Hom glo. (2) Dit het ook daartoe gelei dat die Naam van Sy hemelse Vader ook verheerlik word. (3) Dit het tot gevolg gehad dat die oordeel begin het, al sal Hy eers die oordeel finaal voltooi met Sy wederkoms. (4) Sy verheerliking deur Sy sterwe het tot gevolg gehad dat die duiwel oorwin en uit die hemel gegooi is. (5) Die verhoging van Sy liggaam aan die kruis, was ook die eerste stap van Sy verdere verhoging wat daarna gevolg het met Sy opstanding en hemelvaart. (6) Tydens Sy verhoging het Hy ook mense van alle herkomste na Hom getrek, nie net Jode nie, ook Grieke – soos die wat Hom wou sien. Met hierdie lering, het Sy openbare optrede tot 'n einde gekom.

Vandag wil ek begin om na Joh 13 te kyk. Hiermee bereik ons ook die tweede deel van die Johannes-evangelie, waar die fokus val op die laaste week voor die Here Jesus se kruisiging, die kruisiging self en die direkte gevolge daarvan. In Joh 13-17 is die fokus op die interaksie tussen die Here Jesus en Sy dissipels, veral gedurende Sy gesprek met hulle in die bovertrek kort voor Sy inhegtenisname. Tot dusver het ons in die Johannes-evangelie dikwels gesien hoe Johannes 'n spesifieke wonderteken van die Here Jesus beskryf het en dit dan daarna opgevolg het met 'n debat en lering juis oor die betekenis van die spesifieke wonderteken. Joh 13-17 volg 'n soortgelyke patroon: Dit begin met 'n beskrywing van 'n teken wat die Here Jesus verrig het, daarna volg heelwat debat tussen die Here Jesus en Sy dissipels, wat natuurlik baie lering deur die Here Jesus insluit. En in Joh 17 word dit afgesluit met die Here Jesus se Hoëpriesterlike gebed. Vandag wil ek net die teken wat die Here Jesus gedoen het oordink – die teken waarvan ons hier lees is die Here Jesus wat die voete van die dissipels gewas het. Ek wil dit onder die volgende drie punte oordink: (1) Die liefde van die Here Jesus (Joh 13:1), (2) Die Here Jesus was die voete van die dissipels (Joh 13:2-11), en (3) Die oproep dat die dissipels mekaar se voete moet was (Joh 13:12-17).

<u>Die liefde van die Here Jesus (Joh 13:1)</u>

Lees Joh 13:1. Sommige kommentatore sien hierdie vers as die inleiding tot Joh 13-17. Hierdie vers gee vir ons 'n tydsaanduiding van wanneer hierdie gebeure plaasgevind het: Dit was voor die fees van die Pasga, en teen hierdie tyd weet ons dit was die Pasga waartydens die Here Jesus gekruisig sou word. Die triomfantelike intog van die Here Jesus in Jerusalem is verby. Sy openbare optrede is verby. Die uur het gekom. Vers 1 leer ons wat waarvan die gemoed van die Here Jesus vol was: Hy was deeglik bewus daarvan dat die uur gekom het vir Hom om van hierdie wêreld na Sy Vader oor te gaan. Ons het nou al dikwels daarop gelet dat wêreld meer as net die fisiese skepping bedoel – dit verwys juis na die sondegevalle mensdom. Die uur het gekom dat Hy gaan vertrek van hierdie sondegevalle mensdom na Sy hemelse Vader. Daardie uur van verheerliking waarvan ons laasweek geleer het, was nou op hande. Hy het Hom reeds onttrek van die res van die mense. Hy het Hom nou afgesonder met Sy dissipels – of soos vers 1 hulle beskryf: Sy eie mense. En binnekort sou Hy selfs van hulle af vertrek na Sy Vader toe. Maar vir die oomblik gaan Hy Hom eers daarop toespits om vir oulaas tyd met hulle deur te bring. Dit is insiggewend om hierdie term "eie mense" te vergelyk met Joh 1:11 waar daar staan: "Hy het gekom na wat syne was, en tog het Sy eie mense Hom nie aanvaar

nie." Daar het "eie mense" na die Jode verwys. Die tragiese realiteit was egter dat hierdie "eie mense", die Jode, Hom grotendeels verwerp het, en nou sonder Hy Hom af met die mense wat werklik Sy eie is – dit is Sy dissipels. Vers 1 leer: Omdat Hy Sy eie liefgehad het, het Hy hulle liefgehad tot aan die einde – dit is hoe die 2020 DAV dit vertaal, en dit skep die indruk dat dit 'n beskrywing is van hoe lank die Here Jesus hulle liefgehad het – tot aan die einde, bedoelende tot aan die einde wanneer alles afgehandel sal wees. Daar is egter 'n onderskrif in die 2020 DAV dat dit ook vertaal kan word met "tot die uiterste toe" – d.w.s. Hy het Sy eie mense liefgehad tot die uiterste toe – dit is hoe die 1983 NAV en die NIV vertalings dit vertaal. Al die kommentare wat ek raadpleeg voel dat dit waarskynlik eerder die betekenis is wat Johannes hier wil oordra. Die punt is dus: Die Here Jesus was diep onder die indruk dat die uur gekom het dat Hy na Sy Vader sou gaan. Om na Sy Vader te gaan, beteken egter dat Hy eers moet sterwe. Laasweek het ons gesien hoe Hy met hierdie komende lyding geworstel het – juis omdat dit so erg is. Maar Hy het verstaan dit is juis hoekom Hy gekom het. Hy het verstaan dit is juis die wil van Sy Vader. En wat ons nou hier leer is dat Hy boonop hierdie lyding sal deurgaan omdat Hy gedring word deur Sy liefde vir Sy eie mense – Hy het hulle tot die uiterste toe lief, en daarom is Hy bereid om ook ter wille van hulle die lydingspad te loop. Maar eers wil Hy hulle nog 'n laaste keer onderrig, sodat hulle voorbereid kan wees op wat kom – immers is Hy lief vir hulle tot die uiterste toe, en Hy wil dat hulle dit verstaan.

<u>Die Here Jesus was die voete van die dissipels (Joh 13:2-11)</u>

Lees Joh 13:2. Ons lees dat die gebeure wat nou volg tydens 'n aandete plaasgevind het. Daar is verskillende opinies oor watter aandete dit was, maar dit lyk vir my ons moet aanvaar dit was die aandete waartydens die Here Jesus volgens die Sinoptiese evangelies die nagmaal ingestel het, m.a.w. die aandete op die aand voor die kruisiging. Dit was dus die aandete in die bovertrek.

Vers 2 leer ons dat Judas Iskariot ook teenwoordig was, en boonop het die duiwel hom reeds oortuig om die Here Jesus te verraai – Judas Iskariot se verraad was dus duiwels. Let ook op: Judas Iskariot was op hierdie stadium nog tussen die dissipels, d.w.s. tussen die mense wat die Here Jesus Sy "eie mense" noem.

Lees Joh 13:3. Die Here Jesus het meer geweet as net dat Hy van die Vader gekom het, en dat die uur gekom het dat Hy nou weer na die Vader sal teruggaan. Hy het boonop ook geweet dat die Vader alles in Sy hande gegee het. Dit beteken dat die Here Jesus geweet het Hy gaan suksesvol wees in die komende lyding. Dit beteken onder andere Hy gaan suksesvol wees om die duiwel te oorwin, en daarna sal Hy met alle gesag aan die regterhand van die Vader gaan sit. Dit beteken ook dat die Here Jesus bewus was van die duiwel se plan om Judas Iskariot te gebruik om Hom te verraai. En nou is Judas Iskariot teenwoordig in hierdie binnekring waar net die Here Jesus en die dissipels, "Sy eie mense", teenwoordig is. Ons sou verwag dat Hy direk sou optree om Judas uit hulle midde te verwyder. Maar dit is nie wat gebeur nie. Let nou op wat die Here Jesus wel doen:

Lees Joh 13:4-5. Wat die Here Jesus wel doen, is: Hy staan op van die tafel af, trek sy bokleed uit, bind 'n linnedoek om Sy lyf, gooi water in 'n waskom, en begin om die voete van Sy dissipels te was en dit dan met die linnedoek af te droog. Maar let op hoe vers 4 begin: "<u>Daarom</u> het Hy van die ete af opgestaan...". Waarna verwys die <u>daarom?</u> Dit moet tog sekerlik na vers 3 verwys. Omdat die Here Jesus geweet het dat die Vader alles in Sy hande gegee het, omdat Hy geweet het Hy het van die Vader gekom en dat Hy op die punt staan om weer na die Vader te gaan, <u>daarom</u> het Hy opgestaan en Sy dissipels se voete gewas. Die punt is: Die Here Jesus het presies geweet wat besig is om te gebeur. Hy het geweet waar Hy vandaan kom, dat Hy weer na Sy Vader gaan, selfs dat dit langs die lydenspad is dat Hy na Sy Vader sal gaan. Hy het geweet Judas Iskariot het 'n rol om te speel. Daarom was Judas nie vir Hom 'n bedreiging nie, selfs ook nie die duiwel wat Judas gebruik

het nie, Hy het geweet die Vader het alles in Sy hande gegee. Ja, daar gaan 'n tyd kom dat Hy Judas sal ontbloot. Daar gaan selfs 'n tyd kom dat Hy die duiwel sal oorwin. Maar voor dit gebeur, is daar eers iets anders wat moet gebeur: Hy moet Sy eie mense, Sy dissipels, leer – want Hy het hulle tot die uiterste toe lief.

Die begin van Sy lering is om Sy dissipels se voete te was. Om voete te was, was tipies die verantwoordelikheid van 'n lae vlak slaaf. Dit was uiters ongewoon dat mense van gelyke status dit eers sou oorweeg om mekaar se voete te was, en definitief was 'n leermeester nie sy leerlinge se voete nie. Boonop het voetwassing tipies voor die begin van 'n maaltyd plaasgevind. Maar nou was almal al aan tafel, toe die Here Jesus opstaan en die dissipels se voete begin was. Een moontlikheid is dat die gebeure waarvan ons in Luk 22:24 lees, aanleiding gegee het tot die was van die dissipels se voete. Daar lees ons dat nadat die Here Jesus die nagmaal ingestel het, het die dissipels onder mekaar begin twis oor wie van hulle as die belangrikste beskou moes word. Daar het die Here Jesus hulle daarop gewys dat die belangrikste onder hulle soos die geringste moet wees, en die een wat leiding gee, soos die een wat dien. Baie duidelik is die Here Jesus hier in Joh 13 die Een wat leiding gee, en ook die Een wat die dissipels dien.

Lees Joh 13:6. Natuurlik is dit Petrus wat beswaar maak teen die optrede van die Here Jesus – immers gaan dit in teen die grein van alle sosiale standaarde. Lees Joh 13:7. Weereens verduidelik die Here Jesus die probleem is dat Petrus nie verstaan nie – altans nie nou nie, maar daar kom 'n tyd dat hy dit wel sal verstaan – en daardie tyd is waarskynlik na die Here Jesus se opstanding. Dit herinner natuurlik aan soveel gevalle wat ons die laaste paar weke gesien het waar mense of selfs die dissipels eenvoudig net nie op die oomblik dat iets gebeur het, verstaan het wat dit beteken nie – dink maar net byvoorbeeld aan die intog in Jerusalem. Lees Joh 13:8. Petrus hou vol: tot in ewigheid sal die Here Jesus nie sy voete was nie. Maar dan sê die Here Jesus vir Petrus as Hy hom nie was nie, het Petrus nie deel aan Hom nie. Lees Joh 13:9. Skielik swaai Petrus oor na heeltemal die ander kant toe: nie net mag die Here Jesus nou wel sy voete was nie, maar Hy moet ook boonop sy hande en kop was. Ons kan Petrus sekerlik kritiseer oor sy voorbarigheid en uitgesprokenheid, maar ons moet Petrus erken dat Petrus werklik die Here Jesus wou volg en dien – hy wou werklik deel wees van die Here Jesus se werk. As dit dan die voorwaarde is om deel te kan wees van die Here Jesus, is hy bereid dat sy voete gewas word – maar dan sommer sy hande en kop ook – immers dan kan hy doodseker wees hy is deel van die Here Jesus.

Lees Joh 13:10. In hierdie vers verduidelik die Here Jesus hoe Petrus, en ook ons, oor hierdie voetwassing moet dink. Die Here Jesus sê: "Iemand wat gebad is, het nie nodig dat iets anders as sy voete gewas word nie, omdat hy reeds heeltemal skoon is." Kom ons probeer dit verstaan. Die eerste saak waarvan ons kennis moet neem is dat daar betroubare manuskripte is, wat net die volgende sê: "Iemand wat gebad is, het nie nodig om gewas te word nie, omdat hy reeds skoon is." Kyk byvoorbeeld na die ESV wat so 'n onderskrif bevat. Hierdie manuskripte laat dus die gedeelte weg wat byvoeg dat iemand wat gebad is, het nie nodig dat iets anders as sy voete gewas hoef te word nie. Maar daar is ook betroubare manuskripte wat wel die gedeelte oor die was van voete byvoeg. Ek hoop jy hoor die verskil. Kom ek parafraseer: Party betroubare manuskripte sê:

Iemand wat gebad is, hoef nie gewas te word nie, want hy is reeds skoon.

Ander betroubare manuskripte sê:

Iemand wat gebad is, het net nodig dat sy voete gewas moet word, want hy is reeds skoon.

Alhoewel die meeste vertalings die langer weergawe insluit wat wel verwys na die noodsaak van voetwassing selfs vir die wat alreeds gebad is, is die korter weergawe ook gebaseer op betroubare

manuskripte. Maar kom ons fokus eers op die gedeelte van die stelling wat in al die manuskripte voorkom, en dit is: "Iemand wat gebad is, is reeds skoon". Wat beteken hierdie stelling? Wat ons moet verstaan, is die volgende: Weens die sondeval het alle mense in sonde geval. Alle mense is dus vuil in sonde. Om skoon te kan word, moet hulle gebad word. Ons weet ook dat ons juis van ons sondeskuld, dus ons sonde-vuilheid, skoon gewas word deur die bloed van die Here Jesus wat Hy aan die kruis daarvoor gestort het. Maar 'n persoon moet in die Here Jesus glo, eers dan word die bloed van die Here Jesus effektief om daardie persoon van sy sondes te was. As ons dus lees: "Iemand wat gebad is, is reeds skoon" beteken dit dat daardie iemand in die Here Jesus glo, en dat daardie persoon dus gereinig is van sy sonde omdat hy geglo het. Ons noem dit regverdigmaking. Regverdigmaking is 'n eenmalige proses: Wanneer iemand glo, word hy regverdig verklaar, dit beteken sy sonde word aan Jesus toegereken, en Jesus se gehoorsaamheid word aan hom toegereken – en gevolglik is die persoon skoon. Dink aan die tabernakel in die Ou Testament: Ons het in die verlede daarop gewys dat regverdigmaking afgebeeld was in die voorhof van die tabernakel. In die voorhof was daar die brandofferaltaar en die waskom. Op die brandofferaltaar is die offers vir die sondes van die volk geoffer – dit het heengewys na die kruisiging van die Here Jesus wat later hierdie week sou plaasvind. Maar daar was ook die waskom. En die priesters moes hulle in die waskom was voor hulle heilig was en in die Heilige van die tabernakel kon inbeweeg. En dit is juis die punt wat ons moet raaksien: Die Here Jesus is gekruisig (soos die brandofferaltaar uitbeeld), maar dit is ook nodig dat iemand glo dat die Here Jesus vir sy sondes gekruisig is, om skoon gewas te word (dit is wat die waskom uitbeeld). En dit is ook wat die Here Jesus nou met die voetwassing wil uitbeeld: Dit was 'n simboliese handeling wat hierna verwys het: Al sou Hy later daardie week gekruisig word, sodat dit in beginsel moontlik sal wees dat mense in Sy bloed gewas kan word (afgebeeld met die brandofferaltaar), is dit egter eers as iemand in Hom glo, dat so 'n persoon gewas word (afgebeeld in die waskom). Gevolglik is daar die heerlike versekering so 'n persoon is skoon, so 'n persoon is geregverdig. Ek is oortuig dit is die hoofgedagte wat die Here Jesus aan Sy dissipels wou oordra: Ja, Hy gaan gekruisig word, dan is die moontlikheid daar om skoon gewas te word, maar iemand sal in Hom moet glo, eers dan sal hy skoon wees. Maar dan is so 'n persoon skoon. En soos wat regverdigmaking 'n eenmalige proses is, is dit ook waar dat as iemand eers eenmaal gewas is in die bloed van die Here Jesus, dan is Hy skoon. Natuurlik strook dit met die stelling wat in daardie manuskripte gevind word wat die korter weergawe bevat. Hulle sê: "Iemand wat gebad is, hoef nie gewas te word nie, want hy is reeds skoon."

Beteken dit dat die manuskripte wat die langer weergawe bevat, en waarop die meeste vertalings wat ons gebruik, gebaseer is, verkeerd is? Hulle sê: "Iemand wat gebad is, het net nodig dat sy voete gewas moet word, want hy is reeds skoon." Hierdie manuskripte stem saam met wat ons tot dusver gesê het: Hulle stem saam dat die wat gebad is, is skoon. Maar hierdie manuskripte voeg tog wel by dat hierdie mense, al is hulle reeds gebad, al is hulle reeds geregverdig, al is hulle reeds skoon, het nodig dat hulle voete gewas moet word – ja, weliswaar net hulle voete – nie hulle hande en koppe ook soos wat Petrus voor gevra het nie, maar hulle voete moet tog weer gewas word. As ek die kommentatore wat hieroor skryf, reg verstaan, moet ons op die volgende manier hieroor dink:

- Ons word net eenmaal geregverdig na ons tot geloof gekom het. Daarom is die stelling waar dat die wat gebad is, is skoon en hulle hoef nie weer gebad te word nie. Dit is die hoofboodskap wat die Here Jesus met die voetwassing wou oordra. Al het Sy dissipels dit nie op daardie stadium verstaan dat Sy dood hierdie moontlikheid tot wassing sou bewerk nie, sou hulle dit later verstaan, en dan ook verstaan die Here Jesus se kruisiging maak nie alle mense skoon nie, dit maak net die skoon wat in Hom bad, in Hom glo.
- Maar toe Petrus skielik omswaai en vra dat nie net sy voete gewas moet word nie, maar ook sy hande en kop, het dit die geleentheid geskep vir die Here Jesus om nog meer te leer.

> En dit is wat die langer weergawe van vers 10 oordra: As iemand reeds tot geloof gekom het, is hy reeds gebad, en is hy reeds skoon – soos byvoorbeeld Petrus en die ander dissipels. Maar Petrus, en alle gelowiges in hierdie lewe, sondig weer – immers is ons nog nie heilig nie. Ons is geregverdig, maar ons is nog nie heilig nie – ons ondergaan nog heiligmaking. Die gevolg hiervan is dat gelowiges is soos mense wat voor 'n ete gebad het, en toe na die ete gereis het – en toe is hulle voete weer vuil. Hulle hoef nie weer geregverdig te word nie, nee al wat nodig is, is dat hulle voete gewas te word. Hulle hoef net te pleit vir vergifnis vir die sondes wat na hulle regverdigmaking weer in hulle lewens voorgekom het – want hulle is reeds skoon en geregverdig.

Lees Joh 13:10b-11. Hier maak die Here Jesus die stelling dat nie almal wat daardie aand aan tafel was in die bovertrek, skoon was nie. En natuurlik verwys Hy na die feit dat Judas Iskariot ook daar was, en ons kan aanneem dat die Here Jesus ook Judas Iskariot se voete gewas het. Maar al is Judas se voete gewas, was hy nie skoon nie, m.a.w. hy was nie geregverdig nie. Hoekom nie? Want hy het nie in die Here Jesus geglo nie. Die punt is: Dit is nie die voetwassing wat iemand skoonmaak nie. Die voetwassing was bloot 'n simboliese handeling wat die Here Jesus gebruik het om te wys na die wassing wat deur Sy bloed bewerk kan word. Maar iemand moet in Hom glo om skoon gewas te word. Die simboliese voetwassing is nie voldoende nie. Dit vereis 'n hartsverandering en geloof in die Here Jesus – eers dan word iemand geregverdig en is hy skoon. En dit was nie waar van Judas Iskariot nie.

<u>Die oproep dat die dissipels mekaar se voete moet was (Joh 13:12-17)</u>

Bo en behalwe wat ons tot dusver geleer het, is daar nog 'n punt van lering wat die Here Jesus aan Sy dissipels wou oordra. Lees Joh 13:12. Nadat Hy hulle voete klaar gewas het, het Hy weer Sy bokleed aangetrek en aan die tafel aangeleun. Daarna wou Hy weet of hulle verstaan het wat Hy gedoen het.

Lees Joh 13:13-17. Die punt wat die Here Jesus maak is die volgende: Die dissipels noem Hom hulle Here en Leermeester. As ons maar net terugdink aan hoeveel lering Hy al aan hulle gegee het, dan is dit net logies dat hulle Hom as hulle Here en Leermeester beskou. En die Here Jesus sê hulle is reg – dit is presies wie Hy is. Maar nou is daar 'n implikasie wat hieruit voortvloei: Hy het hulle voete gewas, terwyl hulle almal saamstem dat Hy hulle Here en Leermeester is. As die Here en Leermeester bereid was om die voete van die leerlinge te was, dan moet die leerlinge tog sekerlik ook bereid wees om mekaar se voete te was.

Die Here Jesus het hier opgetree asof Hy 'n dienskneg was – Hy het die werk van 'n slaaf gedoen deurdat Hy Sy dissipels se voete gewas het. Daarmee wou Hy hulle herinner dat Hy die Dienskneg is waarna die Ou Testament verwys het. Dink byvoorbeeld aan Jes 53:11: "My Dienskneg sal Hom as 'n regverdige betoon aan baie, en hulle sondeskuld – Hy sal dit op Hom laai." Dit is tog ook waarvan Fil 2:7-8 praat: ".... maar Hy het Homself daarvan leeg gemaak, deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het, het Hy homself verneder, deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis." Die voetwassing het Petrus al laat wal gooi – hoe kan Sy Heer en Leermeester sy voete was! Maar dit was 'n simboliese handeling wat gewys het na veel meer: Sy Heer en Leermeester was die Dienskneg wat onder andere Petrus se sondeskuld op Homself gelaai het en bewerk het dat Petrus skoon gewas kon word. Sekerlik kan die Here Jesus nou van Petrus, en die dissipels, en die mense wat Sy eie is, verwag om ook mekaar se voete te was.

Die Here Jesus redeneer verder en sê: ‘n Slaaf is tog nie belangriker as sy eienaar nie. Maar die Here Jesus is hulle eienaar – immers beskryf Hy hulle as “Sy eie” mense – hulle behoort aan Hom. Hy is hulle Eienaar. Daarom kan Hy van hulle verwag om te doen wat Hy wil. En wat Hy wil hê hulle moet doen, is om mekaar se voete te was. Hy was bereid om meer as dit te doen – Hy was bereid om Sy ondergeskiktes, Sy leerlinge se voete te was. Nou verwag Hy dat hulle ten minste mekaar se voete sal was. Boonop is hulle Sy gesante wat Hy uitstuur – Hy het dus die reg om voor te skryf wat Hy van hulle verwag – en dit is dat hulle mekaar se voete sal was.

Maar wat beteken dit dat hulle mekaar se voete moet was? Ons het gesê die Here Jesus se was van die dissipels se voete was ‘n simboliese handeling wat gewys het na Sy sterwe waardeur Sy bloed sou vloei waarin hulle skoon gewas kon word. As Hy nou van die dissipels verwag om mekaar se voete te was, beteken dit dat hulle ook vir mekaar moet sterf sodat hulle mede-dissipels skoon gewas kan word in hulle bloed? Natuurlik nie. Immers is net die Here Jesus die sondelose Een wat vir die sondes van ander kon sterf. Immers was Sy offer voldoende – geen verdere offer is nodig nie. Maar wat Hy wel van hulle verwag is dat hulle met dieselfde ingesteldheid en gesindheid sal optree as wat Hy opgetree het. Onthou wat ons uit verse 1 en 3 geleer het: Hy is gedring deur ‘n liefde vir Sy eie – en hierdie liefde was ‘n liefde tot die uiterste toe. Boonop het Hy verstaan presies wat besig was om te gebeur: Hy het van die Vader gekom en Hy was op pad terug van die Vader toe, en die Vader het alles aan Hom gegee – en daarom het Hy Sy dissipels se voete gewas. Hy het verstaan wat besig was om te gebeur, en Hy wou Sy dissipels leer sodat hulle ook kon verstaan wat besig was om te gebeur. En nou verwag Hy dieselfde van Sy dissipels. Soos wat Hy hulle tot die uiterste toe liefgehad het, so moet hulle mekaar ook nou liefhê. Soos wat Hy aan hulle wou leer wat besig was om te gebeur, moet hulle ook nou aan mekaar leer. Natuurlik beteken dit dat hulle later seker moes maak dat hulle wel behoorlik verstaan – want op hierdie stadium het hulle baie dinge nog nie verstaan nie. Maar nadat hulle behoorlik begryp het, moes hulle ander mense wat deel van die Here Jesus se “eie mense” is, gaan leer wat die voetwassing beteken en hoe hulle regverdig gemaak kan word. Dan moet hulle bereid wees om diensknegte te wees, soos wat Hy bereid was om dié Dienskneg te wees.

<u>Opsomming</u>

In Joh 13 is die Here Jesus in die bokamer saam met Sy dissipels. Dit is die vooraand van Sy kruisiging. Hy is bewus daarvan dat die uur gekom het. Steeds word Hy gedring deur Sy uiterste liefde vir Sy eie – nie net om die lydenspad te loop nie, maar ook on hulle vir oulaas te leer, sodat hulle die dinge wat gaan gebeur, beter kan verstaan. Hy begin deur ‘n simboliese handeling: Tydens die ete staan Hy van die tafel af op, en begin om Sy dissipels se voete te was. En dan leer Hy hulle:

- Hulle moet gebad wees om skoon te wees. Hulle moet in Sy bloed gebad wees. Sy bloed gaan binnekort vloei, maar dit is die wat in Hom glo, wat deur Sy bloed skoon gewas gaan word van hulle sondeskuld – sodat hulle skoon sal wees, sodat hulle geregverdig sal wees.
- Ja, hulle gaan nie direk heilig wees nie. Selfs al is hulle geregverdig, sal hulle steeds worstel met sonde en in sonde val. Maar dit bedreig nie hulle regverdigheid nie. Nee, dit sal dan hoogstens nodig wees dat hulle voete gewas hoef te word deurdat hulle pleit vir sondevergifnis.
- Maar om geregverdig te word, is nie iets wat verkry kan word bloot deur aan die uiterlike en simboliese handeling deel te neem van voetwassing nie. Judas het hieraan deelgeneem, maar was steeds verlore. Nee, dit vra ‘n hartsverandering en geloof in die Here Jesus.
- Maar as jy geregverdig is in die Here Jesus en jy is skoon gewas, dan verwag die Here Jesus van jou dat jy ook ander se voete sal gaan was deur in liefde teenoor hulle op te tree, en

deur aan hulle die wil van die Here bekend te maak, en hulle te leer hoe hulle ook skoon gewas kan word in die bloed van die Here Jesus.

Mag die Here ons deur Sy Heilige Gees help om hierdie optrede van die Here Jesus behoorlik te verstaan.